DSPACE

https://dspace.org/

Die oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en die aangresende gebiede

Van Vreeden, Barend Frederick

2015-03-04
http://hdl.handle.net/10539/17121

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

plase gegee het in die distrikte van Mafeking, Vryburg, Kuruman, Hay, Herbert en Barkly-Wes en tot h minder mate in Taung en Gordonia. Vergelyk ons die verspreiding van die uitheemse plaasnaam in Noord-Kaapland met die van die aangrensende gebiede, nl. Wes-Transvaal, die Westelike Vrystaat en die distrikte van Hopetown, Prieska, Kenhardt (Boesmanland) en die suidelike deel van Gordonia waar die uitheemse plaasnaam later ingesypel het, dan bestaan daar geen twyfel meer nie dat die ontstaan van hierdie name die historiese verloop in Noord-Kaapland tot grondslag het.

Die ontleding van die uitheemse name as afsonderlike eenhede openbaar baie duidelik die bron van herkoms: bykans 90 persent is name van plekke in die Verenigde Koninkryk wat op die Noord-Kaaplandse bodem oorgeplant is terwyl die res oorgeplant is uit lande van die Gemenebes, die Verenigde State van Amerika, die vasteland van Europa en h enkele hier en daar uit Asië.

Uitheemse name by die Afrikaanssprekende Afrikaner. Die toekenning van h uitheemse naam is by die Afrikaanssprekende nie uitgesluit nie, maar dit is uiters seldsaam. Die enkele naam hier en daar soos Amsterdam en Holland is beslis uitheems. Name soos La Gratitude, La Provence, La Rochelle en Nonpareil is enersyds nie uitheems nie en andersyds indirek uitheems d.w.s. La Rochelle, La Province en La Gratitude is uitheems vir die Westelike Provinsie (Hugenote 1688), maar in Noord-Kaapland is hulle uit die Westelike Provinsie in Noord-Kaapland oorgeplant, dus indirek uitheems. Aan die anderkant is La Gratitude en Nonpareil van Franse oorsprong - die taal van die Fransman - maar suiwer Afrikaans volgens aard en ontstaan want La Gratitude hier weerspieël dankbaarheid vir h plaas verkry, en Nonpareil dat dit h plaas is met geen gelyke in die omgewing nie.

Die naam England, h plaas suidwes van Olifantshoek, is van oorsprong Engels, maar die aard en ontstaan is suiwer Afrikaans. Engeland was die naam van h vooros. Die naam dateer terug na h tydperk voor plase in dié omgewing uitgemeet is. Op hierdie plaas is daar besondere diep klipkuile waarin reënwater soms vir maande staan. Pionier-trekboere en jagters het hulle trekdiere hier water gegee maar hulle moes versigtig te werk gaan sodat die diere nie in die kuil inval nie. By een geleentheid het h pionier se span osse op die kuil afgestorm en die vooros, Engeland, is ingestamp. Dit het versuip. Die kuil het toe bekend geword as Engeland-se-gat. Mettertyd is die naam verkort na Engeland. Later toe die plase uitgemeet is, het die landmeter die naam behou maar dit as England aangeteken soos dit ook geregistreer is.

Die aard van die uitheemse naam by die Afrikaanssprekende kom dus baie duidelik voren uit die voorgenoemde voorbeelde.

Die Uitheemse naam by die Duitssprekende Afrikaner. Ook by die Duitssprekendes tref ons die uitheemse naam aan soos Rheinland en Berlin maar die verhouding van die uitheemse teenoor die inheemse naam is gering in getal.

Die Uitheemse naam by die Engelssprekende Afrikaner. Hier het ons met 'n massa plaasname te doen. 'n Klein persentasie van hierdie name is oorgeplant uit die Gemenebes en die V.S.A. soos Montreal, Ottawa, Ohio, Trinidad terwyl Brussel, Hamburg, Lisbon, Denmark, Finland, e.a. verwys na plekke op die vasteland van Europa. Nagenoeg 90 persent van die orige plaasname is van plekke in Engeland, Skotland en Ierland (Eire) op Noord-Kaaplandse bodem oorgeplant. Die oorsprong van dié name is dan ook verskillend, nl. Gaëlies, Iers, Brits, Noors, Ou-Engels, e.s.m.

Die ontstaan van hierdie plaasname is duidelik. Die aard en oorsprong is uitheems d.w.s. dit wortel in die lande van herkoms en daa. is geen verband met die Afrikaanse bodemgesteldheid nie. Maar algaande kom daar verandering.

Die aard en ontstaan van die naamgewing in Noord-Kaapland openbaar baie duidelik dat die ouer bevolkingsgroep, die Afrikaanssprekendes, reeds diep in die Afrikaanse bodem wortel geskiet het. Die naamgewing by hulle toon deurgaans 'n nou verbondenheid aan die eie bodem terwyl dit by nuwelinge - die immigrante groepe na 1867 - 'n sterk verbondenheid aan die lande van herkoms openbaar. Maar algaande en namate „bodenstándige" faktore hulle laat geld, ondergaan die naamgewing by die nuwelinge ook 'n verandering na wat Suid-Afrikaans is.

Hierdie byna onmerkbare omvorming van die uitheemse na die hierlandse openbaar 'n geleidelike ontwikkeling van kulturele verbondenheid met die stamland tot kulturele selfstandigheid hier te lande: dit is die ontluiking van 'n nuwe volk met eie kultuur en persoonlikheid. Dit is die ontwikkelingsgang in 'n landsdeel soos Noord-Kaapland wat nie afsydig staan teenoor die geheel - die ruimer ontwikkelingsprosesse op dié gebied in ons land nie. Coetzee vat dit saaklik saam waar hy skryf: „As ons dus onbevange na die name kyk wat die nuwelinge gaandeweg kies as aanduiding van sake wat hulle hier te lande leer ken, dan sien ons hoedat hulle aanvanklik angsvallig kleef aan hulle geestelike ankers in Nederland (Europa) en eers gaandeweg met vertroue albei voete aan die Knapse wal plant. Maar as dit eers so ver gekom het, dan kom daar 'n deurbraak van 'n nuwe gees wat ons land voorsien van 'n skat name wat vir ons 'n sprokieswêreld open en vir ons toon met watter mate van lyflike genot ons voorouers hierdie land duim-vir-duim verken en in besit geneem het, dit in besit geneem het met hulle gees, hulle ganse wese... Nie net daardie eerste koloniste wat gekom het, het hierdie geestesontwikkeling deurgemaak nie, maar elke afsonderlike groep wat hierheen gekom het, het dieselfde „beskawingsproses" deurloop ... En daardeur het ons voorraad name van plekke, plante en diere 'n bonte versameling geword wat getuig van ons bonte herkoms. Maar wie hulle ook al was en waarvandaan hulle ook al gekom het, uiteindelik het hulle geland by dié punt van geestesgroei en vryheid van gees waar hulle 'n plek 'n naam kon gee sonder enige beswaring uit die verlede... (en)... dan spreek daaruit 'n gees van kulturele selfstandigheid, van vryheid en bevryding wat mens laat besef dat jy te doen het met 'n nuwe volk en 'n eie kultuur." 1)

1. Leesbundel: Coetzee oor Aanpassing, Ontplooiing en Kultuurkrag, pp.42-43.

H C O F S T U K III.

DIE OORSPRONG VAN PLEK- EN PLAASNAME.

Algemeen.

A. Name van Khoisanoorsprong:

Die Boesman.

Die Nama en Koranna.

Die Griekwa.

B. Plekname van Bantoe-oorsprong:

Tswanasprekende Bantoe.

Sotho (Basoeto).

Xhosa.

C. Plekname van Griekwa- en Basteroorsprong.

D. Plek- en Plaasname van Blanke oorsprong.

Afrikaans.

Engels.

Duits.

Delwersplekname.

Persoonsname.

--ooOoo--

HOOFSTUK III.

DIE OORSPRONG VAN PLEK- EN PLAASNAME.

'n Studie van die oorsprong van plekname bring ons enersyds in aanraking met die geskiedenis en etnografie en andersyds met die taal van die spraaknakende gemeenskap (ras of volk) wat die plek of landsdeel bewoon het toe die naam sy ontstaan gehad het. Gevolglik waar ons met ou plekname te doen kry, handel ons veral met taal of 'n samestelling van tale om so die oorsprong daarvan nader te bepaal, terwyl die geskiedenis en etnologie aanvullende hulpmiddels is.

Vir Johnson is ou plekname soos fossiele. Hy skryf hieroor: „The study of place-names may be said to stand to History and Ethnology in somewhat the same relation as the study of fossils stands to Geology. Each group or set of fossils represents with more or less strictness a distinct age in geologic time; so roughly speaking does each group of place-names represent a period of historic or prehistoric time." 1)

Joyce voel dat „The interpretation of a name involves two processes: the discovery of the ancient orthography 2) and the determination of the meaning of the original form." 3)

In 'n baie ou werk wat in 1839 verskyn het, skryf Donaldson die volgende: „We know too that the inhabitants of Wales, of the Highlands of Scotland and of the Isle of Man speak a Celtic dialect and from the position of these people we should infer that they were the earliest inhabitants of the island and were driven into the mountains by the Saxon invaders. Even the names would tell us as much. When we hear a stream called Wans-beck-water and know that the three words of which it is made up all signify "water" the first being Celtic (as in War's-ford, Avon), the second German (beck = back), the last English, we at once recognise three changes of inhabitants to whom the former name successively lost its significance. It has been the same with other countries." 4)

Uiteraard is dit duidelik dat die oorsprong van plekname 'n verband met die historiese volgorde het, waar die etniese groepe mekaar opgevolg en oorvleuel het en die naamgewing dienooreenkomstig omgevorm of vervorm is, en in sommige gevalle wel tot so 'n mate dat die ortografiese samestelling nie altyd duidelik is nie en derhalwe die bepaling van die oorsprong bemoeilik.

In Noord-Kaapland het ons hierdie historiese volgorde waar verskillende etniese groepe mekaar opgevolg en oorvleuel het en hulle stempel op die naamgewing afgedruk het.

Die oorsprong van ons plekname hier in Noord-Kaapland kan dan gerieflikheidshalwe in vier afsonderlike afdelings ingedeel word, nl.

---

1. J.B. Johnson: Place-names of Scotland, xiii (Introduction).
2. Ek onderstreep.
3. Joyce: Irish Names of Places, Vol. I, p. 1.
4. Donaldson: The Cratylus or Contributions towards a more accurate knowledge of the Greek Language, p. 12.

HOOFSTUK III.

DIE OORSPRONG VAN PLEK- EN PLAASNAME.

'n Studie van die oorsprong van plekname bring ons enersyds in aanraking met die geskiedenis en etnografie en andersyds met die taal van die spraakmakende gemeenskap (ras of volk) wat die plek of landsdeel bewoon het toe die naam sy ontstaan gehad het. Gevolglik waar ons met ou plekname te doen kry, handel ons veral met taal of 'n samestelling van tale om so die oorsprong daarvan nader te bepaal, terwyl die geskiedenis en etnologie aanvullende hulpmiddels is.

Vir Johnson is ou plekname soos fossiele. Hy skryf hieroor: „The study of place-names may be said to stand to History and Ethnology in somewhat the same relation as the study of fossils stands to Geology. Each group or set of fossils represents with more or less strictness a distinct age in geologic time; so roughly speaking does each group of place-names represent a period of historic or prehistoric time." 1)

Joyce voel dat „The interpretation of a name involves two processes: the discovery of the ancient orthography 2) and the determination of the meaning of the original form." 3)

In 'n baie ou werk wat in 1839 verskyn het, skryf Donaldson die volgende: „We know too that the inhabitants of Wales, of the Highlands of Scotland and of the Isle of Man speak a Celtic dialect and from the position of these people we should infer that they were the earliest inhabitants of the island and were driven into the mountains by the Saxon invaders. Even the names would tell us as much. When we hear a stream called Wans-beck-water and know that the three words of which it is made up all signify "water" the first being Celtic (as in Wan's-ford, Avon), the second German (beck = back), the last English, we at once recognise three changes of inhabitants to whom the former name successively lost its significance. It has been the same with other countries." 4)

Uiteraard is dit duidelik dat die oorsprong van plekname 'n verband met die historiese volgorde het, waar die etniese groepe mekaar opgevolg en oorvleuel het en die naamgewing dienooreenkomstig omgevorm of vervorm is, en in sommige gevalle wel tot so 'n mate dat die ortografiese samestelling nie altyd duidelik is nie en derhalwe die bepaling van die oorsprong bemoeilik.

In Noord-Kaapland het ons hierdie historiese volgorde waar verskillende etniese groepe mekaar opgevolg en oorvleuel het en hulle stempel op die naamgewing afgedruk het.

Die oorsprong van ons plekname hier in Noord-Kaapland kan dan gerieflikheidshalwe in vier afsonderlike afdelings ingedeel word, nl.

---

1. J.B. Johnson: Place-names of Scotland, xiii (Introduction).
2. Ek onderstreep.
3. Joyce: Irish Names of Places, Vol. I, p. 1.
4. Donaldson: The Cratylus or Contributions towards a more accurate knowledge of the Greek Language, p. 12.

(a) Khoisan, (b) Bantoe, (c) Baster en Griekwa en (d) Blank.

A. Name van Khoisanoorspr[illegible].

Waar ons met Khoisanplekname handel, staan ons meteens voor 'n probleem om die oorsprong nader te bepaal, d.w.s. om vas te stel of so 'n naam nou wel van Boesman , Nama-, Kora- of Griekwa-oorsprong is.

Om hierdie bepaling ortografies te kan maak, is belangrik want daar is nie alleen dialektiese verskille wat in aanmerking ger[illegible] word nie, 1) maar die oorspronklike woongebied kan ook tot 'n [illegible]al-kundig bepaal word. Deur hierdie ontsyfering te kan doen, waar moontlik, word die geografiese verspreiding van die taalgroep nader bepaal.

Nou het daar in die verlede nogal heelwat meningsverskil oor die verwantskap tussen Boesman en Hottentot (Nama/Kora) bestaan. Sommige was van mening dat daar wel 'n verwantskap bestaan, terwyl ander die verwantskap slegs tot die suigklanke beperk het. Hahn het gesê dat „while the Bushmen family has with the Khoi Khoi 2) linguistically speaking, only the clicks and some harsh sounding faucals and a few roots of words in common; the various Bushnen languages hitherto recorded; differ among themselves, as much as they differ from the Khoi Khoi idioms." 3)

Aan die anderkant wys Hahn daarop dat daar onder die Hottentotte (die Khoi Khoi) 'n verskeidenheid dialekte bestaan waarvan die idiomatiese verskille nie so groot is dat dit die verskillende groepe verhinder om mekaar te verstaan nie. 4)

Hierdie sienswyse van Hahn (1881) het in 1911 versterking ontvang toe die werk van Bleek en Lloyd 5) verskyn het. Met ander woorde, filoloë veral van die sg. Duitse Skool was sterk ondersteuners van die Hamitiese teorie nl. die verwantskap van Khoisan met die Hamitiese, wat 'n moontlike Semitiese verband nie uitsluit nie. Hierdie teorie het dan ook verder steun ontvang toe ontdek is dat die Sandawe-inboorlinge van Oos-Afrika en die Hadzapi of Watindiga van Tanganjika ook 'n taal met suigklanke praat. 6)

Latere navorsing het egter die Hamitiese teorie laat wankel maar nie vernietig nie. So verskyn Bleek se werk „The Naron" in 1928 en daarna „Comparative Vocabularies of Bushman Languages" waarvolgens daar 'n nouer verband tussen die Boesmantaal, veral die Kalahari-gebied, en Khoisan (Hottentot) skyn te wees, terwyl Beach tot die gevolgtrekking kom dat „Hottentot is a click language not through borrowing but in its very essence, and it is therefore likely to be closely akin to Bushman which

---

1. Daar bestaan dialektiese verskille by die Nama, Korana en Griekwa.
2. Ek haal aan: Die Khoi Khoi hier is die Nama.
3. Hahn: Tsuni-//Goam - The Supreme Being of the Khoi Khoi, p. 5.
4. Ibidem, p. 5.
5. Specimens of Bushman Folklore.
6. Beach: Phonetics of the Hottentot Language, pp. 3-4.

TABEL II

KHOISAN - PLEKNAME. 1)

Boesman	Nama	Kora	Griekwa
	/aus (/ous)	A'akaap /aus (/A?us) !ab !ari-//ama	!ap (!aap)
		Bingap	Binyap
Chee (Chè)	Coboop		
Eyn (?)	Eyn (?)		Eynap
Gong-Gong 'Goo-'ko-lume	Gamceip !garib Ghous Goras (xora)	!garib ≠goab-!goab Gorgas !gou-xanub (Guahanop)	!garib (Gariep) Gockamina Goemg Gouberknous
		≠hou (Hhou)	Harankiep Heskwas Horgansie Housjop
			Jakotsanap Jor(o)gais Juanana
Keang 'ker-by-'kaam 'kun-kgoap Ky Ky Khorkham (?)	Kakamas !kaoxas	Kheie Koegas ky-!garib	Karatoes Koutsagap Kamiegap Kwakwas Koekais Koekcep
		motsab	Matsap
	Nakouris (≠na-khúru) ≠nu-!garib ≠nu-≠goases Norokei	/nu-!garib	Naragap Naras
	Cbobogorop !oukurubis (Aughrabies)		
			Taka Theis
		xati-//amma	
			Yoetling

1. Die spelling van plekname wat ingeburger is (plaasname ens.) word deurgaans met hoofletters geskryf.

has been recognised as the click language par excellence." 1)

Die Boesman.

Wat die Boesmannaamgewing in Noord-Kaapland aanbetref sou 'n mens verwag dat waar verwantskap tussen Boesman en Hottentot (Nama, Koranna, ens.) bestaan, die Nama en Koranna-oorvleuelingsgroepe baie van die Boesmanplekname sou behou het aangesien dit dan wel betekenis vir die nuwelinge sou gehad het. Dit is wel die geval waar Nama en Koranna mekaar oorvleuel het (homogeen) maar beslis nie die geval waar die Boesmangroepe oorvleuel is nie. 2) Die gevolgtrekking waartoe mens dan kom, is dat die taal van die /xam- en die /ǂ-Boesmangroepe van Noord-Kaapland en die noordelike distrikte van Kaapland suid van die Oranjerivier vir die Nama in die weste en die Koranna in die ooste vreemd was. 3) Gevolglik het die Nama en Koranna Boesmanplekname hoofsaaklik oor die hoof gesien. Ondersoek ons nou die plekname in Tabel II dan tref dit dat die Boesmanplekname vreemd voordoen in vergelyking met die name van die Nama, Koranna en die Griekwa.

Aangesien hierdie plekname dan in die gebiede waar hoofsaaklik die /xam- en /ǂ-Boesmangroepe gewoon het, gelê is, word aangeneem dat hulle van hierdie Boesmangroepe afkomstig is, d.w.s. van Boesmanoorsprong is. Daar ons oor geen defenitiewe kennis van hulle spreekwyse beskik nie, kan die oorsprong van hierdie name nie fonografies verklaar word nie. Hulle oorsprong word dan ook enersyds deur die volksoorlewering en andersyds deur gegewens deur Stow aangeteken, bepaal. Word hierdie plekname nader ondersoek, dan kom daar interessante besonderhede vorendag.

Suid van Kuruman is daar 'n hoë kop (5,800') bekend as Chee. 4) Chee was 'n Boesmanleier wat sy vesting op hierdie kop, waar daar vroeër ook water beskikbaar was, gehad het. Hier sou die groepie Boesmanjagters in vrede gewoon het as hulle nie later strooptogte teen die blanke pioniers geloods het nie. As gevolg van hulle vee-diefstalle is dié vesting later aangeval en vernietig. Die kop het egter die naam behou (Volksoorlewering).

Die oorspronklike naam van die Middel- en Benede-Oranjerivier was Eyn. Hierdie naam is deur beide die Boesman en die Nama gebruik sodat dit nie presies bepaal kan word waar die oorsprong lê nie.5) Indien van Boesmanoorsprong dan het die Nama dit as 'n leenwoord oorgeneem en dit naas Garien gebruik want die Nama het ook die Oranje as Gariep (!garib) geken, het moontlik as gevolg van Koranna-invloed in die Middel-Oranjevallei. Aan die anderkant kan die woord wel 'n leenwoord by die Boesman gewees het. By die Nama het ons die Eynlequa (Wikar: Eynikkoa of

---

1. Beach: Phonetics of the Hottentot Language, p. 278.
2. Oorvleueling deurgaans in die Oranjevallei en in Griekwaland-Wes.
3. Vergelyk Kaarte 1, 2, 4 en 7.
4. Van Vreeden: Chee = Chè. Lees Chè.
5. Eyn is die spelvorm by die blankes, derhalwe die y-foneem. Engelbrecht skryf dit, /?ei soos in /?ei-//?eina (vgl V.R.V.15, p.226). Eyn word aanvaar as 'n riviernaam dus Eyn = Oranjerivier waarvolgens /?ei 'n Koranna-woord is. Skrywer voel dat Eyn argaïsties is en die oorsprong is onseker.

Kwaiequoas) d.w.s. die mense van die Fyn (= riviernaam) = die Rivierbewoners (-mense). 1) Hier dan is die oorsprong of Boesman of Nama.

Tydens die Koranna-verhuising noordwaarts het een vertakking van hulle met die Boesman by 'n drif in die Vaalrivier (tans Douglas) gebots. Die Boesman is hier met swaar verliese verslaan en verdryf 2) terwyl die Koranna ook swaar verliese gely het. Volgens Stow 3) sou die Boesman die drif 'Go-'koo-lume genoem het terwyl die Koranna dit Guahanop (Engelbrecht: !Gou-xanub) genoem het. Stow verklaar 'Go-'koo-lume as julle-het-ons-geen-genade-betoon-nie terwyl Guahanop (!gou-xanub) beteken, die Drif-van-hartseer (smarte). 4) Die verklaring deur aangebied vir 'Go-'koo-lume berus op oorlewering aangesien hy geen taalkundige verklaring aanbied nie. Aan die anderkant skyn dit eerder of 'Go-'koo-lume 'n poging van die Boesman is om !gou-xanub te vertolk. 5)

Gong-Gong is onomatopee vir die watergeluide waar die Vaalrivier oor 'n klein watervalletjie stort. Volgens Stow is die naam van Boesmanoorsprong. Dit is later deur die Koranna en die Griekwa oorgeneem en nog later deur die blanke pioniers. 6)

Die Hartsrivier is een van die interessantste riviere in Noord-Kaapland in sover dit die naamgewing aanbetref. Volgens Pettman het die Koranna dit ǂgoab-!goab genoem. 7) In 1813 teken Campbell die naam Hhou aan. Hy skryf: „This river is called Malalareen by the Bootchuanas, Hhou by the Corannas and by other, the Heart." 8) Arrowsmith (1834) teken die naam aan as Hart of Malalareen terwyl Jos. Wyld, die kaarttekenaar van die kaart in Backhouse se boek (1844) 9) die middelloop van dié rivier aanteken as Kolonga (Kolouga) of Noka Colung. Stow 10) op sy beurt onderskei drie name soos volg: Kolung - benedeloop, 'Hhou - middelloop en Malalareen - boloop, d.w.s. die gedeelte van die rivier by Taung. Daarbenewens beweer Stow dat beide die naam Kolung en Hhou van Boesmanoorsprong is. 11)

Daar bestaan egter geen woordelys of taalkundige geskrifte van die Boesmandialekte van Griekwaland-Wes en Noord-Kaapland nie derhalwe kan Hhou as 'n Boesmannaam (Stow) nie nader bepaal word nie. Campbell se bepaling dat Hhou 'n Korannanaam is, moet aanvaar word. Beide die Koranna en die Nama het die woord ǂhou gebruik of wat gelyk en egalig is aan te dui, bv. topografies 'n gelykte - 'n egaligheid of gelyk oppervlakte soos 'n vlakte. Die Koranna van die Hartsrivier moes verwys het na die vlaktes

---

1. Engelbrecht: Enequa, Eniqua, Eniequa, Eynikkoa; Sien ook V.R.V.15, p. 14; pp. 221-222; p. 226.
2. Die Eerste Koranna-Boesmanoorlog.
3. Stow: Native Races, p. 244.
4. Engelbrecht: The Korana, p. 18.
5. Volksetimologie by die Khoisan-Basters en Boesman (ca 1875+), nl. !gou-xanub > Gaucha num (gau chanub) > 'Go-'koo-lume (vgl Engelbrecht: The Korana, p. 18).
6. Sien Glossarium.
7. Vergelyk Afdeling B hieronder.
8. Campbell: Travels in South Africa (1815), p. 236.
9. Backhouse: Narrative, - kaart.
10. Stow: Native Races, p. 180.
11. Ibidem, p. 179: Stow skryf: 'Kolung; 'Hhou.

van die Hartsrivier wat so kenmerkend is van die breë vallei vanaf Taung tot by Spitskop (Mount Rupert). ǂhou was dan die naam wat na die vlaktes verwys het naas ǂgoab-!goab, die naam van die rivier.

Stow teken ook Kolong aan as 'n Boesmannaam bv. 'Kolung 1) terwyl dit op die Backhouse-kaart as _olung aangeteken is. Op dieselfde kaart verskyn ook sulke samestellings soos Noka Colung, Colung Meropa, Colung Engaboung en Colung Village. Laasgenoemde is ook op die kaart van Arrowsmith (1834) aangeteken. Stow skryf 'Kolung. Bes moontlik wou hy ǂkolong of !kolong geskryf het. In watter vorm ookal, dit kan nie as 'n Boesmannaam aanvaar word nie terwyl daar ook geen bewys bestaan om dit as 'n Korannanaam in te deel nie. Kolong is ongetwyfeld van Tswana-oorsprong. Wat ookal die argaïse vorm was, dit het mettertyd status as 'n riviernaam gekry. 2)

Noordoos van Kuruman is daar 'n plaas met die naam Keang. Daar is ook 'n Keangkop. Volgens Stow is hierdie naam van Boesmanoorsprong. Soos die naam geskryf word, doen dit voor as 'n Tswananaam. Keang, die kop, en die omgewing was egter vanaf die vroegste tye 'n Boesmanvesting. Dit kom my voor asof die oorspronklike Boesmannaam deur Tswanasprekendes vervorm is, d.w.s. ons het hier 'n geval van volksetimologie by die Tswana.

Die kop was bes moontlik die plek waar die mitologiese wese van die Boesman gewoon het nl. Cagn, Kagn of Kagg(e)n. Dus Keang <Kagn (die Mantis).

Khorkhan word deurgaans as 'n Boesmannaam aanvaar. Die betekenis daarvan skyn dan ook verlore te wees want selfs die volksoorlewering bied geen verklaring nie. Aan die anderkant beweer die Bastervolk van Gordonia dat dit 'n skimpnaam deur die Basters was vir die Witgams (Witboois) aangesien hulle wit doeke om hulle hoede gedra het wat soos die kam van 'n hoenderhaan gelyk het. Die vertolking soos deur die Basters aangegee kan nie aanvaar word nie aangesien daar geen defenitiewe bewyse daarvoor bestaan nie. Khorkhan moet beskou word as 'n pleknaam van Boesmanoorsprong wat oor die jare heen ver-Nama is. 3)

Norokei, 'n plaas noord van Upington, is ook bekend as 'n soutpan. Die naam word deurgaans as 'n baie ou Boesmanpleknaam bestempel. Daar bestaan dan ook geen verklaring vir hierdie naam as Boesmanpleknaam nie alhoewel sommige die naam in verband bring met die soutpan aldaar, d.w.s. dit staan in verband met die bodemgesteldheid. Soos die naam tans geskrywe en uitgespreek word, doen dit voor as 'n Boesmannaam in Khoi Khoi- (Nama) vorm, wat dit dan ook moontlik maak om 'n verklaring aan te bied.

'n Besoek aan die pan by Norokei werp dan ook lig op die naam. In die eerste plek trek die topografie van die omgewing dadelik die aandag van die besoeker. Daar is in die noordweste van die pan, nie die verwagte kalahariesandduine nie, maar 'n grusafsetting wat besonder hoog bo die pan-oppervlakte uitetyg. Die naam Norokei het dan ook betrekking

1. Stow meld geen bron nie. 2. Sien Afdeling B hieronder.
3. Sien Glossarium.

op die topografie van die pan en die omgewing daarvan en nie op die bodemgesteldheid nie. Norokei = noro+kei, die tweede lid hier is Nama. !keis, 'n oord/plek, dus die noro-plek. oro het weer 'n verband met Nama. !noros, die agterkop 1) en/of Kora. !norob, die holte agter die nek. 2) Letterlik dan, Norokei = !noros-!keis, die holte van die nek-plek = 'n plek soos die holte van die nek, wat 'n beskrywing van die pan en sy onmiddellike omgewing is. 3)

In die Gemsbok-Wildtuin is daar die interessante pleknaam Ky Ky. Oorspronklik was dit die naam van die redelike hoë sandduine aldaar wat bekend staan as die Ky Ky-berge. 4) In Gordonia word verskillende verklarings vir die naam gegee, nl. God God, Groot God, Niks Niks terwyl Groot Groot en Goed Goed ook as moontlike verklarings deur sommige beskou word. 5) Al dadelik het ons hier met uiterstes te doen: God God naas Goed Goed enersyds en andersyds Niks Niks. Uiteraard kan Niks Niks verder buite rekening gelaat word aangesien dit geen verband met die oorspronklike het nie. Die vertolking God God en Groot God is feitlik dieselfde want 'n verdubbeling versterk in die meeste gevalle die idee van belangrikheid en hier wel tot so 'n mate dat God God die verklaring Groot God kan vervang. In die benaming Ky Ky = God God het ons baie duidelik 'n naam wat betrekking het op 'n bonatuurlike wese maar aangesien dit 'n inboorlingpleknaam is, staan dit gladnie in verband met godsdienstoortuigings van die blankes nie.

In hierdie geval het ons met een of ander mitologiese wese van die Khoisansprekendes te doen. Die naam God word in Nama deur Elob vertaal - 'n skepping van die sendelinge sonder dat hulle die inboorlinge se volksgeloof in ag geneem het. Daar is dus geen verband tussen Ky Ky en Elob nie. Dan is daar nog die mitologiese wese van die Namasprekendes nl. Tsui-//goab (= Tsu-//goab), maar ook in dié geval kan dit gladnie met Ky Ky in verband gebring word nie.

Nou word Ky Ky (Farini: Ki Ki) nagenoeg Kee Kee - Kè Kè uitgespreek wat op sy beurt herinner aan Nama. /ké, spits wees, dus /ké /ké = spitsspits-wees = baie spits wees. Oënskynlik die juiste verklaring, maar die topografie van Ky Ky alleen is voldoende om hierdie verklaring uit te skakel.

Die naam Ky Ky is baie duidelik van Boesmanoorsprong. Daar is verskeie ou legendes wat 'n verband met die Noscbrivier net en waarvan sommige tot onlangs nog bekend was onder die ouer geslag inboorlinge van daardie streke. Volgens oorlewering sou die Boesmanstamme van die

---

1. Seidel: Hauptsprachen, p. 45.
2. Engelbrecht: Studies in Korannataal, p. 37.
3. Van Vreeden: Tegewens ingewin tydens besoeke afgelê aan die pan in 1958.
4. Farini: Through the Kalahari Desert, p. 288.
5. Om Ky Ky as Groot God te verklaar word met Nama. gei gei (gei, groot) verwar terwyl Goed Goed uit Nama. !gâi !gâi sou ontstaan.

omgewing 'n mate van eer aan die koppe betoon het. Hulle sou dit !ke !ke genoem het. Dit herinner aan die Boesmannaam !khwe, die wind. 1)

In die mitologie van die Boesman woon die Wind (en die Eggo) in die berge 2) en daar hierdie heuwels as 'n topografiese eenheid in die omgewing die aandag onmiddellik trek, en aangesien die Kalahariewinde in hierdie landsdeel soms geweldig kan waai, kon die Boesman hierdie heuwels wel beskou het as die woonplek van die Wind en derhalwe !khwe !khwe genoem het. Aangesien !khwe 'n mitologiese wese by die Boesman was, kon dit baie maklik deur die ander Khoisansprekendes en deur die oorlams-Boesman 3) later as God God (Groot God) vertolk word.

Die vervorming van hierdie naam het sy ontstaan by die Basterjagters tydens die tweede helfte van die negentiende eeu gehad. Farini het dit in 1886 aangeteken.

Toe Wikar sy reis in 1775 langs die Oranjerivier onderneem het, het hy die Kabasberge (Kaabas) aangeteken as die Nakourings en Nakourisbergen. Thompson (1827) ken die naam Carlyle Mountains aan die reeks toe en terselfdertyd maak hy melding van 'n poort in dié berge wat volgens inboorling-oorlewering die naam „Howling of the Big Men" gehad het. Dit sou dan 'n vertaling van die oorspronklike Boesmannaam gewees het. Mossop 4) bied geen verklaring aan vir Wikar se Nakouris nie terwyl Thompson slegs verklaar dat die Boesmanbewoners van hierdie landsdeel 'n aanval op 'n klompie veeboer-pioniers wat as verkenners na die Oranjerivier gegaan het, geloods het. 5) Die geskree en angsgeroep van die verkenners tydens die onverwagte aanval sou die naam as gevolg gehad het. Wat hier opvallend is, is dat beide Nakouris (Wikar 1775) en Howling of the Big Men (Thompson 1827) 'n verband met die voorval in die Kabasberge het. Die moontlikheid bestaan, soos reeds aangewys, 6) dat Nakouris 'n vervorming van die oorspronklike Boesmannaam wat later as Howling of the Big Men vertaal is, kan wees.

Noukeurige ondersoek het egter aan die lig gebring dat die vertaling Howling of the Big Men geen direkte verband met die naam Nakouris het nie maar dat beide name tog dieselfde historiese gebeurtenis verwys. Waar Howling of the Big Men (vertaling) van Boesmanoorsprong is, daar is Nakouris van Nama-oorsprong. Die afleiding van Nakouris is dan ook duidelik, nl. Nama. ǂna, om te gooi/werp; khúru (D. Überfallen), 'n onverwagte aanval. Nakouris/Nakourings is dus nie van Boesmanoorsprong nie.

Die volgende paar plekname is ook van Boesmanoorsprong.

---

1. Schapera: Khoisan Peoples, p. 180.
2. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, p. 76; Aanvullende besonderhede aangeteken in 1958.
3. Oorlams-Boesman - hulle wat reeds Afrikaans kon verstaan en 'n gebroke Afrikaans kon praat.
4. V.R.V.15 (Mossop), p. 17, pp. 34-35, 184-185.
5. Thompson: Travels, II, p. 46.
6. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, XIV, p. 27.

'ker-by-'kaam is Platberg noordoos van Warrenton waar 'n vertakking van die Rolong onder Morok gewoon het voordat hulle na ThabaNchu verhuis het. Volgens Stow 1) beteken 'kér-by-'kaam, Rooikrans. Suid van Kimberley is daar die bekende Koedoesberg wat volgens Stow 'n Boesmannaam is, dus Koedoesberg = 'kun-'kgoap 2) terwyl T'shopo 3) of Chopo ook 'n Boesmannaam sou wees.

Volgens Backhouse se kaart is Chopo 4) wes van die Langberge geleë wat foutief is. 5) Die presiese ligging is onseker. Volgens Campbell wat die naam eerste aangeteken het, is die ligging nagenoeg naby die saamloop van die Gamasep- en Gamogaralaagte. Stow beweer dat T'shopo/Chopo 'n Boesmannaam is, maar die naam is van Tswana-oorsprong. Campbell skryf: Chopo; bes moontlik wou hy Tswana. gôpô (vanggat) skryf.

Die Nama en Koranna.

Om plekname van Nama- en Koranna-oorsprong nader te bepaal moet mens nie alleen die suigklanke (klapklanke) in aanmerking neem nie maar daar moet ook gelet word op enige dialektiese verskille wat die naamgewing mag beïnvloed het.

Die suigklanke bring dan ook heelwat moeilikhede mee aangesien blankes in die verlede geen eenvormige stelsel gehad het om dit neer te skryf nie en gevolglik is mettertyd baie plekname aangeteken sonder dat die onderskeie suigklanke in ag geneem is. Vir algemene doeleindes word vier suigklanke onderskei, naamlik:

/ Dentaal ≠ Palataal (Alveolaar)

! Serebraal // Lateraal

terwyl x, waar dit in Khoisanname voorkom, Gutteraal is.

Waar noukeurige ontleding nodig is, daar word vyf grade of samestellings met elke suigklank gevorm d.w.s. daar kan twintig suigklanke onderskei word namate elke suigklank met 'n ander medeklinker verbind word. So kry ons dan die volgende indeling:

DENTAAL	PALATAAL	SEREBRAAL	LATERAAL
/	≠	!	//
/h	≠h	!h	//h
/g	≠g	!g	//g
/k	≠k	!k	//k
/n	≠n	!n	//n

Engelbrecht vat dit vir die Koranna as volg saam: 6)

DENTAAL	PALATAAL	SEREBRAAL	LATERAAL
c	ç	q	x
ch	çh	qh	xh
cg	çg	qg	xg
ck	çk	qk	xk
cn	çn	qn	xn 7)

1. Stow: Native Races, p. 395.
2. Ibidem, p.395; Sien Glossarium.
3. Ibidem, p. 180.
4. Backhouse: Narrative, - kaart.
5. Indien so ver wes van die Langberge kan Chopo alleenlik verwys na die Gamoteppan of 'n ander naby geleë pan.
6. Engelbrecht: Studies in Korannataal, p. 6.
7. x (lateraal) hier = // en nie gutteraal nie.

By die Namasprekendes bestaan daar geen wesenlike verskil nie 1) sodat dieselfde skema vir beide die Nama en Koranna, sowel as Griekwa, wat vir die doel by Kora ingesluit word, gebruik word. 2)

Waar plekname in die verlede deur reisigers en skrywers aangeteken is, het hulle gewoonlik die komma-teken gebruik om 'n suigklank aan te dui. So is daar 'n aansienlike reeks plekname waarvan die volgende as voorbeelde kan dien: N'Gous, 'Hhou, T'Gaimoep, A'akaap en T'Keys.

Ontleed ons hierdie plekname volgens suigklanke dan kom die volgende voorendag:

(a) Die komma-teken by die meeste ou plekname is 'n aanduiding van die dentaal-suigklank, bv.: T'[illegible]'pa (< /haib); N'Gous (< /aus).

(b) Die komma-teken saam met 'n verdubbeling van 'n foneem is ook 'n aanduiding van 'n palataal-suigklank, bv.: 'Hhou (< ≠hou); A'akaap /Aakaap (< ≠ab + !ab, dialekties, kaap).

Alhoewel seldsaam word 'n serebraal en lateraal soms ook by outydse skrywers met 'n komma-teken aangedui, bv. Qua'naus (< ≠goab, modder; //noab, strik), terwyl daar ook baie plekname aangeteken is sonder enige aanduiding van 'n suigklank soos Kakamas, Kub (= //khub) en O-poort naas 'O-poort (≠o, nou).

Wat opvallend is by baie van die Khoisanplekname is dat by die dentaal- en palataal-suigklanke 'n g, gn, gh, k en kn hierdie suigklanke vervang terwyl 'n k en kh die sebraal en lateraal soms vervang. Hieruit blyk dit dat k 'n prominente plek in die vervanging van die suigklanke vul. Dit sluit dan ook aan by die komma-teken soos hierbo aangestip wat soms vir al vier die suigklanke gebruik word.

Interessante voorbeelde hier is die volgende:

/aus (/ous), fontein > knaus/gnaus naas knoos/gnoos soms met 'n wisselbetekenis.

/aob, slang > kaob (Griekwa).

/hoas, kat > hoas.

≠gai, tabakrook > gaai (Griekwadialek: gaai, tabak).

≠o, eng/smal > o (bv.: Opoort/O-poort; Ko-/Kou-poort).

!horob, (Kora. !horop, kalk) > horop > korop (!h > k).

!noub, oker > nou (in samestellings: Nou+gat+pas).

//gami, water > gami > kammi > kamma.

//Khub, doring/doringboom > kub (dialekties: koep).

Daarbenewens word 'n x (gutteraal) gewoonlik deur 'n g-foneem vervang, byvoorbeeld:

xami, leeu > gami, wat met water verwar word;

xamis, leeuwyfie, wat weer met kamis ('n bondel) verwar word;

xora, na water grawe > gora; 3)

xorap > gorop, bv.: Obobogorop > Obobogorob (Koranna-invloed) = Bpietjiegorab (huidige uitspraak) = Erdvarkgraafwater;

---

1. Beach: Phonetics of the Hottentot Language, p. 89.
2. Ibidem, p. 188; Beach wys op 'n aanvullende groep van vier suigklanke: /h?, ≠h, !h? en //h? by die Koranna.
3. Vergelyk, Woordeboek van die Afrikaanse Taal, III, p. 356.

xoras goras (graafwater) = Afr. gora (gorra) naas gora's (gorra's).

Vervolgens is daar nog dialektiese verskille tussen die Nama, Koranna en die Griekwa. Beach het tot die gevolgtrekking gekom dat die verskille tussen Kora en Griekwa nie h aparte behandeling regverdig nie. Hy skryf: „I compass the two languages together namely because the boundary line between the two is very difficult to define." 1) Hy behandel derhalwe Kora en Griekwa as h eenheidsgroep. Vervolgens wys Beach op die volgende dialektiese verskille tussen Nama en Kora (+ Griekwa):

(a) Nama. p = Kora p en b.
(b) Nama. t = Kora. t en d.
(c) Nama. k = Kora. k en g.
(d) Nama. ts = Kora. th.

By die ontsyfering van Khoisanplaknane is Griekwaland-Wes en sodoende die oorsprong te bepaal is hierdie indeling van Beach nie voldoende nie. Griekwa is beslis h aparte dialek waarvan die oorsprong Nama is, maar weens hulle biologiese verhoudings met die Korannas en die Khoisan Basters van Griekwaland-Wes is hulle spreekwyse mettertyd so beïnvloed dat Griekwa h aparte taaleie ontwikkel het. Daarbenewens het hulle Afrikaanse spreekwyse (Griekwa-Afrikaans) verder bygedra tot die verlenging en vervlakking van klinkers en die verskerping van sommige medeklinkers. 2) Griekwa is derhalwe h Nama-spreekwyse met leenwoorde, omvormings en afwykings as gevolg van homogene (Kora) en heterogene (Afrikaans) taal-beïnvloeding.

In die volgende kort vergelykende woordelys kom dit duidelik vorendag:

WOORD	NAMA	GRIEKWA	KORA
hond	arib	arib; alib	arib
vuur	/ais	/aib; aip	/aib
spruit } rivier. }	!ab	!ap (laap)	!ab
bokram	berib	pirip	birib
bokooi	beris	piris	biris
os/bul	gamab 3)	gomab	gomab
koei	gamas	gomas	gomas
een	/gui	/ui; /gui 4)	/ui
agt	//khaisa	xaiesa; xaisi	xaisi
tien	disi	djisi	jisi
heuning	danib	danis; daunis	danis
gemsbok	/gaib	/gaip	/gais
groot	gei	kgei; kei	gai
bondel	/gamis	kgamis	kamis(Beach)
man	khoib	khoib; khoip	khoep

1. Beach: Phonetics of the Hottentot Language, p. 181.
2. Op die volgende kan gelet word: e > ee; b > p; Afr. kind Griekwa. kjeend; Vir Griekwa djisi, vergelyk Kora-invloed op Nama.
3. Beide gamab en gomab is gangbaar in Nama-dialekte.
4. Dubbelvorme.

WOORD	NAMA	GRIEKWA	KORA
vrou	khoi:s	khois	khoes
doringboom	//khub	//koep; koep	//kub
rem.ster	!nawas	!nabas	!nabas
smelt	tsuni	thuni; toeni	thuni 1)
muskiet	/uisib	koncsiep 2)	tsururu (Meinhof) tsonosib(Engelb.)
vader	dadab ib	dadas (dadab) -	/abob ib
voël	anis	kanis	kxanis
muis	durub	durus	//aus (Meinhof)
jakkals	geirab	/aiieb; ilyab	/aiieb
melk	deib	deib; deip	bib

Daar moet egter ook op enkele taalvorms wat betrekking op plekname het, gelet word. In die verband is die Substantief (geslag, getal) die belangrikste, byvoorbeeld:

	MANLIK		VROULIK	
	Enkelvoud	Meervoud	Enkelvoud	Meervoud
N.	berib (bokram)	beriga; -gu	beris (ooi)	beriti; -te
K.	berib	biriga; -gu	biris	biriti; -te
Gri.	pirip	piriga; -gu	piris	piridi
N.	gamab (bul)	gamaga; -gu	gamas (koei)	gamati; -te
K.	gomab	gomaga; -gu	gomas	gomati; -te
Gri.	gomab	gomaga; -gu (?)	gomas	gomate; ti (?)
N.	khoib (man)	khoiga	khois (vrou)	khoiti
K.	khoeb	khoeka	khoes	khoedi; -de
Gri.	khoib	khoikha	khoes	khoidi; -de(?) 3)

In sommige Khoisan saamgestelde plekname word ook die woord taras as lid aangetref. 4) Die afleiding in die verband is uit Nama:

Nama. oab (man), taras (vrou) - tarati (mv). 5)

Kora. oabe/oabi (man), taras (vrou) - tara-khoidi (mv).

maar by die Koranna en Grikwa is die gebruik van tara-khoidi seldsaam.

Met die oog op bostaande word die manlike geslag aangedui met die uitgang -b en die vroulik met -s behalwe in dialektiese vorme in Griekwa waar die uitgang -p soms voorkom soos by pirip (bokram). 6)

Die gebruik van die adjektief word hoofsaaklik beperk tot die kleure (swart, rooi, ens.), topografiese beskrywings soos groot, plat, ens. terwyl die telwoorde ook voorkom soos in die naam xaisi-//ganab (Kisikama), agt kameelbome.

---

1. Vergelyk Beach vir dialektiese verskille hierbo.
2. Wisselvorm met Kora: tsonosib.
3. Saamgevat uit Meinhof, Seidel, Engelbrecht met aantekeninge deur skrywer; afkortings: N. - Nama; K. - Kora, Gri. - Griekwa.
4. Tradouw volgens Pettman: Hot. taras (vrou); daos (drif); Graham Botha: Place Names in the Cape Province, p. 32.
5. oab naas khoith = man.
6. Vergelyk dialektiese verskille hierbo.

Die adjektief en adverbium word ook deur agtervoegsels aangedui soos -sa, -se en -xa 1) waarvan -xa van besondere belang in pleknaam samestellings is aangesien dit hoeveelheid aandui, byvoorbeeld: //gurages Nama. //garu, kokerboom; -xa, adjektief-agtervoegsel - hoeveelheid; -s, vroulik = kokerboomwoud. 2) Die agtervoegsel -sa kom ook in sommige name voor terwyl -se seldsaam is. Die lokatief-agtervoegsel -bo 3) kom in pleknaame voor soos in Hosabes wat as volg saamgestel is: Nama. ho, kry/vind/baar; -sa, adjektief-agtervoegsel; -bo, lokatief; -s, vroulik = Vondeling, maar as fontein-naam in Namakwaland, lekwatertjie.

Die werkwoord en voornaamwoord (pronomina) kom selde voor in saamgestelde plekname en waar dit wel voorkom word dit aangevoel soos in die geval van Obobogorop waar die samestelling beteken, die-water-in-die-gat-wat-deur-die-erdvark-gegrawe-is, d.w.s. Erdvarkgraafwater.

Met die oog op die bostaande samevatting is dit duidelik dat pleknaame van Khoisanoorsprong meesal aan die samestelling daarvan uitgeken word mits die geskrewe vorm en die fonetiese vertolking daarvan van so 'n aard is dat die oorsprong gedeeltelik of in die geheel aangedui word. In sommige gevalle is die pleknaam so omvorm en selfs onherkenbaar verwink dat dit onmoontlik is om tot 'n besluit te kom tensy die volksoorlewering lig op die naam werp. Ook die volksetimologie het hier bydraes gelewer.

Om die oorsprong van plekname soos Prieska, A'aknap, Keimoes, Kakamas, e.s.m. te bepaal is nie moeilik nie aangesien die etimologiese samestelling die oorsprong as Khoisan aandui. In hierdie gevalle moet dan nog net bepaal word of die oorsprong by Nama, Kora of Griekwa is.

Daar bestaan egter 'n reeks plekname wat weens hulle voorkoms en verspreiding van Khoisanoorsprong skyn te wees maar die etimologiese samestelling doen vreemd aan, byvoorbeeld: Jorgais, Yoetling, Heskwas, Cockamina, e.s.m. En dit is juis hier waar ons die uitwerking van die Griekwadialek (Khoisan) en Griekwa-Afrikaans op plekname in Griekwaland-Wes kan ondersoek.

Die Griekwa.

Daar is reeds daarop gewys dat die Griekwa enersyds met die Khoisansprekendes en andersyds met die Afrikaanssprekendes skakel, d.w.s. die Griekwa het 'n Afrikaanse spreekwyse (Griekwa-Afrikaans) behad maar weens hulle heterogene samestelling was hulle Khoisansprekendes en soos uiteengesit was hulle Khoisan spreekwyse 'n dialek wat verskille met Nama en Kora toon alhoewel die oorspronklike grondslag Nama is.

Die gevolg van hierdie tweetaligheid was dat twee reekse plekname hulle oorsprong by die Griekwa gehad het, nl. (i) plekname wat Afrikaans is en nie van ander Afrikaanse plekname onderskei kan word nie en (ii) plekname van Khoisanoorsprong. Dit is dan ook hierdie laasgenoemde reeks plekname wat so vreemd voorkom.

---

1. Engelbrecht: Studies in Korannataal, p. 11.
2. Wikar: Kalagas.
3. bo bec.

Vergelyk mens die Griekwaplekname waarvan sommige op Tabel II ingeëisel is, met die van Nama- en Kora-oorsprong. is die verskille so ooglopend dat daar geen twyfel oor hulle oorsprong bestaan nie: hulle is baie duidelik Khoisan in samestelling, d.w.s. Griekwa, maar hulle het deurgaans 'n Afrikaanse (Griekwa-Afrikaans) voorkoms.

In die verband is die volgende van belang: (1) Die j-foneem kom nie in Khoisan voor nie behalwe by wyse van uitsondering, byvoorbeeld: jisi (Kora), tien. (2) Woorde waarin die j-foneem voorkom is in die meeste gevalle leenwoorde, byvoorbeeld: jokweb, 'n juk.

In die Khoisandialek van die Griekwa dan kom die volgende plekname (tans plaasname) as vreemd voor, naamlik Jako(e)sanap, Ju(a)nana, Jorgris/Jawgais, Joetling/Yoetling. In die verband is daar ook nog Joekatgoenie/T'Joekatgoeni of Dwaalfontein deur Borcherds in 1801 aangeteken. Hier is 'n afwyking van Khoisan (Nama en Kora) en hulle is baie duidelik òf vervormings òf omvormings van name terwyl Ju(a)nana 'n nuutskepping kan wees.

Die volgende name vorm 'n aparte groep: Gockamina/Goekamina, Goems, Harankiep, Horgansie/Hogansie, Housjôp/Housop, Keskwas, Kwakwas, Karatoes, Khajas/Khajais, Theis, e.a. Die „Griekwa-agtigheid" van hierdie plekname word duidelik in die samestellings weerspieël. Bes moontlik is somrige van hierdie name vervormings van Korannaplekname terwyl ander nuutskeppings is. Hier kom die invloed van Griekwa-Afrikaans duidelik voredag: fonetics staan hulle nader aan Afrikaans as aan Khoisan (Kora).

'n Derde groep plekname is van Khoisanoorsprong. Hulle kan net sowel van Kora- as van Griekwa-oorsprong wees alhoewel die dialektiese verskille wat in die plekname voorkom hulle ongetwyfeld van Griekwa-oorsprong maak, byvoorbeeld: Karap-putz, Naras, Naragap, Koekais, Gorae, Goberknaus, Koutsegap, e.s.m.

'n Vierde groep is van Kora-oorsprong maar hulle is mettertyd deur die Griekwa ver-Griekwa. Voorbeelde is Binyap, Kamiegap en Matsap, byvoorbeeld:

Binyap Kora. bi, om te melk; bib, melk; !ab, stroom/fontein. Gri. Binyap = Bingap, uitgespreek Binghap, melk wat vloei (soos 'n stroom) = Griekwa-idioom: melkstort.

Kamiegap Kora. xami, leeu; !ab, fontein (water) = Gri. Kami(e)gap, leeuwater - letterlik leeufontein. Maar Kami(e)gap kan ook ontstaan het uit Gri. kams (Nama. ams), mond; !ap (= !ab) dus bop-mond-water = fonteinwater in 'n opening soos 'n mond. Weens klank ooreenkoms ontstaan 'n nuwe naam dus volksetimologie binne die taalkring van die Griekwa, nl. Leeuwater Bopmondwater.

Matsap Kora. motsab, 'n meer (pan) Gri. matsap, vlei.

'n Laaste groep is 'n paar name soos Taka, Kongosa, Makurichan, e.a. wat enersyds omvormings is en andersyds as hibriede voordoen. In

Griekwaland-Wes het hierdie name gewoonlik hulle oorsprong by die Khoisan-basters, d.w.s. kruisras Boesman, Koranna en Banroe.

Om saam te vat: Die oorsprong van Khoisanplekname in Noord-Kaapland is drieledig, nl. Nama, Kora en Griekwa. Plekname van elke afsonderlike taalgroep kan binne die oorspronklike taalgebied gevind word. In die oorvleuelingsgebiede het verskeie plekname omvorming ondergaan, byvoorbeeld: in die Nama-Kora oorvleuelingsgebied langs die Oranjerivier het ons Moeboes (Nama) Keimoes (Kora) en in Griekwaland-Wes waar Griekwa en Koranna mekaar oorvleuel het, Motsab (Kora) Matsap (Griekwa). Daarbenewens is daar voorbeelde van volksetimologie waar bekende klankverbindings die oorspronklike name vervang het met die gevolg dat die aard en ontstaan van sulke plekname òf twyfelagtig is òf verlore gegaan het.

B. Plekname van Bantoe-oorsprong.

Die Tswanasprekende Bantoe was onder die eerste bewoners van Noord-Kaapland. Toe die Saan en daarna die Nama die Oranjevallei ooswaarts binnegetrek het, 1) was die Noord-Kaaplandse Bantoe reeds gevestigdes oor 'n deel van die landsgebied in die noorde. Teen 1770 (?) toe die Korannastamme langs die Oranjerivier begin vestig het en Noord-Kaapland noord van die Oranjerivier binnegedring het, was 'n vertakking van die Tlhaping (Brikwas) reeds langs die Middel-Oranjerivier waar hulle met die rivierbewoners verbroeder het. 2)

Plekname van Bantoe-oorsprong (Tswana) lê dan oor 'n wye gebied versprei. 3) Alhoewel verskeie Tswanagroepe in Noord-Kaapland onderskei word, kan hulle almal as 'n eenheidsgroep in sover dit die oorsprong van hulle plekname aanbetref, beskou word. Die volgende Tswanagroepe word dan ook onderskei:

Rolong, later vier vertakkings.

Tlharo.

Tlhaping, ook bekend as die Phuduhutswana in die geskiedenis.

Ba-ga-Maidi of Maidi, 'n kleiner groep wat hulle deur die jare heen by die Tlhaping geskaar het dog hulle identiteit bewaar het.

Digoya (Leghoya, Legoya). Volgens Burchell die Kojas en Lahoyas maar later beter bekend as die Bataung.

Thamaga, die Rooivolk. Campbell: Tamahas.

Karriekarrie of Karie-Karie. 4)

Kgalagadi. In geskrifte aangeteken as Kalagadi, Kgalagadie en Ba-Kalaharie.

Word hierdie hoofgroepe nader ondersoek dan word dit duidelik dat die Karriekarrie dieselfde groep is as die Kgalagadi terwyl die Thamaga of Rooivolk moontlik 'n kruisras is. Die Thamaga het mettertyd van die toneel verdwyn. Aangesien daar geen plekname aan hulle toegeskryf word nie, word hulle verder buite rekening gelaat.

---

1. Sien Hoofstuk I.
2. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, pp. 8 - 10; V.R.V.15 (Wikar), pp. 31, 142, 226.
3. Vgl. Kaarte 1 - 7.
4. Burchell: Travels in the Interior of S. Africa, II, pp. 335, 375, 386.

Author: Van Vreeden Barend Frederick
Name of thesis: Die Oorsprong en Geskiedenis van Plekname in Noord Kaapland en die Aangrensende Gebiede. 1961

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.